Week 2 Maandag 27 April 2020 Memorandum

Ontleed die volgende sinne:

1. Duncan gebruik 'n kaart.

Onderwerp – wie/wat? Duncan

Gesegde –wat gebeur/wat word gedoen? gebruik

Voorwerp – wie/wat? 'n kaart

2. Die hond het 'n been gekou.

Onderwerp – die hond

Gesegde – het gekou

Voorwerp – 'n been

3. Hulle sal kos eet.

Onderwerp – hulle

Gesegde – sal eet

Voorwerp - kos

4. Die kinders hardloop in die reën.

Onderwerp – die kinders

Gesegde – hardloop

Voorwerp - geen

5. Die kinders het skoolwerk geskryf.

Onderwerp – die kinders

Gesegde – het geskryf

Voorwerp – skoolwerk

Dinsdag 28 April 2020 Byvoeglike bepaling.

1.1 Die seun met die donker hare skop die bal.

Onderwerp –wie/wat? *Die seun*

Gesegde –wat word gedoen? *skop*

Voorwerp – wie/wat? *Die bal*

Byvoeglike bepaling –'n groepie woorde wat die onderwerp/voorwerp uitbrei. *Met die donker hare*

1.2 Mnr. Jacobs toets die moeilike spelwoorde.

Onderwerp – mnr. Jacobs

Gesegde – toets

Voorwerp – spelwoorde

Byvoeglike bepaling – die moeilike

1.3 Die mans met die blou oorpakke het die groot, swaar tafel geskuif.

Onderwerp –die mans

Gesegde –het geskuif

Voorwerp – tafel

Byvoeglike bepaling – met die blou oorpakke / die groot,swaar

1.4 'n Groot hoeveelheid water sal neerstort.

Onderwerp – water

Gesegde –sal neerstort

Voorwerp – geen

Byvoeglike bepaling – 'n groot hoeveelheid

1.5 Die hond met die kort stert jaag die groot, bont kat.

Onderwerp – die hond

Gesegde –jaag

Voorwerp – kat

Byvoeglike bepaling – met die kort stert, die groot bont

Woensdag 29 April 2020 Bywoordelike bepaling.

1.1 Jan skop die groot, blou bal op die rugbyveld.

Onderwerp –wie/wat? *Jan*

Gesegde –wat word gedoen? *skop*

Voorwerp – wie/wat? *bal*

Byvoeglike bepaling –onderwerp/voorwerp uitbrei *die groot, blou*

Bywoordelike bepaling – ww uitbrei wanneer/waar/hoe? *op die rugbyveld*

1.2 Die kinders, met die wit hemde, het baie vinnig die kos opgeëet.

Onderwerp – die kinders

Gesegde –het opgeëet

Voorwerp – die kos

Byvoeglike bepaling – met die wit hemde

Bywoordelike bepaling – baie vinnig

1.3 Die drie groot seuns sal in Switserland kuier.

Onderwerp – seuns

Gesegde – sal kuier

Voorwerp – geen

Byvoeglike bepaling –die drie

Bywoordelike bepaling – in Switserland

1.4 Die groot, ronde tafel sal in die eetkamer staan.

Onderwerp – tafel

Gesegde – sal staan

Voorwerp – geen

Byvoeglike bepaling –die groot, ronde

Bywoordelike bepaling – in die eetkamer

Donderdag 30 April 2020 Begripsvrae Teks 2 bl. 65

1. In ’n gewone straat.
2. Hulle ken mekaar baie goed.
3. Hulle lyk taamlik slordig.
4. Slegs by wyse van spreke. Die buurman laat hom skuldig voel omdat hy nie so netjies is nie.
5. Sy netheid, noukeurige beplanning.
6. Dit laat hom skuldig voel: ander kan dit ook van hom verwag.

Vrydag 1 Mei 2020 Antonieme

vals, geklee, onderdeur, stuurboord, uitgerus, ledig, nie-amptelik, bo, doodstadig, slordig, minderjarig, vlak, eindig, opwaarts, suidekant, voor, soet, verwerp, min, af, abnormaal, slaag, vervelend, dun, iemand, lui, buite, skei, droog, lelik, onewewydig, lafhartig

Skryf al die woorde af en soek die korrekte antoniem uit die woordblok en skryf dit langs die antwoord neer.

1 aan - af	2 aanvaar - verwerp
3 afwaarts - opwaarts	4 agter - voor
5 amptelik – nie-amptelik	6 baie - min
7 noordekant - suidekant	8 nootvas - vals
9 normaal - abnormaal	10 onder - bo
11 blitsvinnig - doodstadig	12 boeiend - vervelend
13 bakboord - stuurboord	14 begin - eindig
15 besig - ledig	16 binne - buite
17 bitter - soet	18 meng -skei
19 misluk -slaag	20 moeg - uitgerus
21 mondig - minderjarig	22 mooi - lelik
23 naak - geklee	24 nat - droog

25 netjies - slordig

26 niemand - iemand

27 parallel - onewewydig

28 bo-oor -onderdeur

29 dapper - lafhartig

30 fluks - lui

31 diep - vlak

32 dik - dun